

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 22

Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Hier is nog een man deur wie ons die Here kan raadpleeg, maar ek haat hom, want hy voorspel vir my nooit iets goeds nie, net altyd die slegste. Dit is Miga seun van Jimla.” (vers 8)

Jare later het die Here só aan Esegiël (3:7) gesê: “Maar die mense van Israel sal nie na jou wil luister nie, want hulle wil nie eens na My luister nie. Al die mense van Israel is koppig en onversetlik.” Hierin was Agab hulle voorloper. Hy wou net hoor wat hy wóú hoor. Die res het hom kwaad gemaak, só erg dat hy selfs die Here se ware profeet gehaat het (vers 8). Dit is helaas vandag nog so dat mense die goed waarvan hulle nie hou nie, uitfiltreer, of ignoreer. Daar is goeie Christenmense wat hulle lewe lank Bybel lees, maar ’n baie selektiewe boodskap kry. Hulle hou van die beloftes in die Bybel wat voorspoed voorspel, of God se sorg en voorsiening en beskerming. Dís die vrae wat hulle vra as hulle Bybel lees. Maar hulle vra nie watter opdragte die Here in die Bybel gee nie, of waarskuwings nie.
Die Bybel is meer as net ’n magiese boek vol beloftes.

Naskrif: Môre gaan ons voort met 2 Konings

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026